Voëlidentifisering

"Geen voël sweef te hoog as hy sweef met sy eie vlerke."
-William Blake

Doelwit: Om die Verkenner te leer om voëls van die omgewing waar te neem en te identifiseer.
Weergawe: 2009
Datum: Oktober 2009

Begronding

Voortrekkerkode:
1. 'n Voortrekker glo in die Drie-Enige God en dien Hom.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.

ABC: Die spesialisasie spreek Christenskap en burgerskap aan deurdat die Verkenner die geleentheid gegun word om deur tyd te spandeer in die natuur die wonder van God se skepping kan ervaar. Die Verkenner se kennis aangaande die waarneming en identifisering van voëls word uitgebrei.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	3 dae	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. Die spesialisasie moet deur 'n kundige persoon aangebied word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Vyf verskillende voëls uit die Bybel identifiseer en kortliks beskryf waarom die voël daar genoem word, m.a.w. wat die rol van die voël daar is.

2. Kennis dra van verkykers en teleskope met betrekking tot:
   - 2.1 Soorte verkykers
   - 2.2 Instel en fokus van jou verkyker
   - 2.3 Verkyker toebehore
   - 2.4 Versorging van verkykers

3. Kennis dra van verskillende voëlboeke en 'n veldgids besit.

4. Kennis dra van die volgende:
   - 4.1 Anatomie van 'n voël
   - 4.2 Habitat van verskillende voëls
   - 4.3 Broeigewoontes van voëls
   - 4.4 Vliegtegnieke en -patrone van voëls
   - 4.5 Migrasie van voëls

5. Minstens 15 ure aktief in die natuur f besig wees om voëls te identifiseer, ten minste 40 verskillende spesies aan te teken en daaroor terugvoer te gee in sy span/oord/groep/kamp.

6. Die Afrikaanse volksnaam vir hierdie voëls aanteken langs die wetenskaplike of Engelse naam.